

CQ BOLAND



NUUSBRIEF VAN
DIE BOLAND AMATEURRADIO KLUB

NOVEMBER 2006

KOMITEE VAN BOLAND AMATEURRADIO KLUB

Voorsitter/Tesourier	Rassie Erasmus	ZS1YT	021-8545764
Ondervoorsitter/Sekretaris	Karl Canitz	ZS1KC	021-9765237
Skakelbeampte	Henry Chamberlain	ZS1AAZ	021-8871509
CQ Boland	Johan le Roux	ZS1RX	021-9192246
Web Meester	Deon Heydenrych	ZS1G	0826539884
Bulletinrooster	Olivier van Staden	ZS1OLI	021-8698564
Geleentheds koördineerder	Bennie Harhoff	ZR1JHD	021-8725598

KLUBBULLETINS

Tyd: Sondae om 7:45
 Frekwensies: 3670kHz, 7094kHz LSB en 145,700 FM

WEBWERF

Besoek die klub se Webwerf by <http://www.gsl.net/zs1bak/index.htm>

KENNISGEWING VAN DIE VOLGENDE BARK VERGADERING

U word vriendelik uitgenooi na 'n klubvergadering op Saterdag 2 Desember 2006 om 11:00 op die plaas van Olivier van Staden. Die plaas is in die Agter Paarl. Die vergadering behoort so teen 12 uur klaar te wees en daarna sal Kersvader arriveer. Die Boland kompetisie se



wenners sal aangekondig word, die braaivleis-vure aangesteek word en moenie van die katebak verkoping vergeet nie. Bring u eie kos, eetgerei, drinkgoed, stoele, rooster ens. saam. Verder in hierdie uitgawe is 'n beskrywing om by die vergadering uit te kom.



BYDRAES TOT CQ BOLAND

Die redaksie van CQ BOLAND verwelkom alle bydraes vanaf Boland se Amateurs en vriende van die klub. Bydraes mag egter volgens die diskresie van die redakteur aangepas en geplaas word om sodoende die gepastheid en kwaliteit van inligting en artikels te verseker. Bydraes moet ten minste vier weke voor die datum van die volgende vergadering aan die redaksie met behulp van E-pos, pakketradio of op disket gestuur word.



Stuur u bydraes aan:

Pakket: ZS1RX@ZS0BEL.TBG.WCP.ZAF.AF

E-pos: ZS1RX@MAILBOX.CO.ZA

Posadres: CQ Boland Posbus 2105 Dennesig 7601

DIE VOORSITTER SÊ:

EK sien die winkelsentrums is vol Kersversierings! Dit kan net een ding beteken, die jaar is alweer op sy einde.

Ek wil dan graag alle BARKérs bedank wat hierdie jaar bygedra het tot ons stokperdjie se wel en weë. Ek reken dat BARK is een van die min klubs wat trots daarop kan wees dat sy lede sommer BAIE aktief is buite en binne die klub. Daarom sal ek dit nie waag om spesifieke roepseine te noem nie, want nou-nou laat ek iemand uit.

Ons ledetal het mooi verbeter sedert ons laaste vergadering en staan nou op 104. Daar is enkele oud-lede wat

niks van hulle laat hoor het nie, en ongelukkig moes ons toe maar hulle name van ons ledelys verwyder.

Ek sien uit daarna om u te sien by ons laaste vergadering van 2006 maar vir die van u wat die nie sal kan maak nie wil ek sommer nou die geleentheid gebruik om 'n Geseënde Kersfees en 'n voorspoedige 2007 toe te wens.

Vir die van u wat op die pad gaan gedurende die vakansie, onthou om heel eerste die radios en antennas in te pak en veilig te bestuur.

Groete van hok tot hok

Rassie, ZS1YT



REDAKSIONEEL

En hier is ons by die Kers-uitgawe van 2006. Baie dankie aan al die manne en dames wat gedurende 2006 gereeld bydraes gelewer het. Julle maak my taak baie ligter. Veral die dames se bydrae word waardeer. Dit beteken dat hulle belangstel in hul mans se stokperdjies. Ek sien uit na 2007 en vertrou dat ek baie bydraes van u gaan kry.

Tot die volgende uitgawe.

Johan, ZS1RX



Smittie ZS1AK sterk tans aan na 'n erenstige hartoperasie. Ons hoop hy is sommer gou weer so aktief soos vroeër.

CQ SONVLEK.....CQ SONVLEK !!

Deur F.Steyn ZR1AIK

Wat het kernduikbote en uitbarstings op die Son in gemeen? Dalk meer as wat dit mag lyk!! Kom ons kyk na die rol wat baie lae frekwensies speel om die son aktiwiteit te monitor en 'n kykie in die praktiese sy van hierdie deel van radio ontvangs.

Volgende jaar, 2007 is die Internasionale Heliofisiese Jaar en die Stanford Universiteit in die VSA beplan om monitorstasies wêreld wyd by skole te ontplooi om sonaktiwiteit te monitor.

Ek het so 'n paar jaar gelede op BLF (Baie Lae Frekwensie of VLF in Engels) begin speel nadat ek in die laat sewentigs daarmee kennis gemaak het by Walton de Villiers op Hermanus. Hy was 'n son entoesias en het 'n klein radio "teleskoop" bedryf wat SEA's gemonitor het. SEA's is Sudden Enhancement of Atmosphericics, waar die ontvanger op 27 kHz ingestel is en die agtergrond geruis gemeet word om sonfakkels of "solar Flares" te monitor.

Ek het later my eerste ontvanger gebou maar kon nie juis hond haaraf maak nie, todat ek meer daaroor op die Internet begin soek het. Ek het kontak gemaak met Cap Hossfield van die AAVSO (American Association Of Variable Star Observers) wat 'n program het waar

monitors vanoor die wêreld die ionosfeer monitor via BLF radio.

Ek het aangesluit. en is nou meer as 4 jaar besig met monitering sowel as om te eksperimenteer met ontvangers vir hierdie lang golf lengtes.

SONFAKKELS EN BLF

Hoe gebruik ek die BLF seine om sonvakkels te monitor?

Golfvoortplanting op BLF is baie gevoelig vir die vlak van ionisasie in die onderste lae van die ionosfeer.

Deur seinsterktes vanaf die BLF stasies voortdurend te meet is dit maklik om selfs van die kleiner sonfakkels en self Gamma Straal uitbarstings te monitor. Ek gebruik drie ontvangers, koppel dit via 'n A/D omsetter aan 'n baie ou Notebook rekenaar wat nog op DOS werk. Hier het ek dan 'n klein programmetjie wat die insamelwerk doen, sowel as 'n tyd en datumstempel. 'n Tweede programmetjie word ingespan om die data in grafiekvorm om te skakel en ook die verslag saam te stel wat ek maandeliks aan AAVSO (via e-pos) stuur. Ek het eers 'n Rustrak pen en



papier opnemer gebruik, maar die rekenaar is heelwat beter.

WAAR VIND DIT PLAAS ?

Die BLF band strek vanaf 10 tot 30 kHz (30 000m tot 10 000m). Hierdie band word oorwegend vir Vloot en Militêre kommunikasie gebruik, waar 'n aantal senders vanoor die wêreld in werking is. Uitsetkrag wissel van 'n paar kilowatt tot 1000MW by twee van die bekendste senders. As gevolg van die lae frekwensie wat gebruik word is antennes geweldig groot. Van die grootste mensgemaakte torings word op BLF gebruik.

Die drie stasies wat ek hier monitor is DHO35, Burlage in Duitsland op 18.5 kHz, NWC, Exmouth in Australia op 19.8 Khz en NAA, Cutler, Maine in die VSA op 24 kHz. DHO35 se uitset is 500 kW terwyl die ander twee 'n uitsetkrag van 1000 kW elk het.



HOE ONTVANG EK DIT ?


BLF ontvangertegniek is ietwat anders as wat radio-amateurs aan gewoon mag wees. Die ontwerp van ontvangers is heel eenvoudig, grens eintlik aan audio elektronika ontwerp en gewone opamps is aan die orde van die dag. Grootste probleme om te bowe te kom is die

nou bandwydte van die seine wat gebruik word asook die geweldige geraas wat op die band is.

Ek gebruik twee soorte ontvangers hier: die een gebruik ferriet pot kerns en die ander elektroniese filters om tussen die stasies/frekwensies te onderskei. Die elektroniese filter is die MAX275 wat 'n baie oulike kring is, maklik om te gebruik en op te stel.

Ongelukkig is die MAX 275 'n bietjie duur maar dit is as "sample", gratis van MAXIM beskikbaar. Die pot kern is goedkoper om te gebruik maar heelwat moeiliker om aan die gang te kry. Daar is wel 'n paar kringe op die Internet beskikbaar sowel is 'n Gyrator stelletjie wat ook goed werk, veral as die seine sterk is.

'n Alternatief is 'n omskakelaar (converter) wat die seine omskakel sodat dit op 'n gewone HF ontvanger gehoor kan word. Ek gebruik so 'n tuisgeboude kring wat basies uit 'n selfgemaakte dubbel gebalanseerde menger (DBM) en kristal osillator bestaan. Die sein is dan op 8 MHz hoorbaar.



Antennas hier wissel van die "hoelahoep" spoel antenna tot die aktiewe vertikale dipool en monopool. Al drie antennes het versterkers by die antennes self

voordat die sein via gewone 50 ohm of selfs 75 ohm TV koaks na die ontvangers gaan. Gelykstroom vir die versterkers word oor dieselfde koaks na die antennes gevoer.

BOU TEGNIEKE

As gevolg van die lae frekwensies wat betrokke is, is dit nie moeilik om 'n ontvanger aan mekaar te slaan nie. Alhoewel gedrukte stroombane baie netjies en voorspelbaar is, kan selfs Veroboord gebruik word. Ek gebruik slegs PC bord materiaal met een laag koper en bou die kringetjie op die koper kant van die bord met die bedrading aan die glasvesel kant van die bord. Die koper vorm die grondvlak van die kring. Kringe is baie stabiel en uiters maklik om uit te lê. Al wat nodig is is die bord en 'n klein elektriese handboortjie. Ek het sommer een aanmekaar geslaan met 'n klein 12 volt motortjie en 'n

“pin vice mini chuck”. Dieselfde tegniek kan ook op HF en BHF gebruik word.

VOORUITSIG

Ek lees anderdag in Die Burger dat verwag word dat die volgende sonvleक्सiklus (wat blykbaar reeds begin het) 30 tot 50% hewiger gaan wees. Elektroniese stelsels soos die GPS posisionering stelsel kan dalk ernstig geraak word deur die verhoogde vlak van ionisasie. Ons sal maar moet sien wat gaan gebeur... die aktiwiteit is beslis iets om na uit te sien na 'n jaar van bitter min sonfakkel uitbarstings!

[As daar belagstelling is kan ek nog meer praktiese inligting verskaf en 'n kring of twee om te probeer. My epos is fsteyn@worldonline.co.za of via die landlyn op 028 840-1512 hier in Villiersdorp]

Karl, ZS1KC berig.....

Die rug-tot-rug VHF/UHF skakel is by die Technikon geïnstalleer. Die oorwegende doel is om Stellenbosch, Strand en Gordonsbaai ook die geleentheid te bied om die 145.650 herhaler te kan werk. Die frekwensies van die UHF-skakel is: RX-438.800 MHz en TX-431.200 MHz. Die “split” is 7,6 MHz. Die toets van die skakel was baie bevredigend en het foutloos gefunksioneer. Dit sal eersdaags met die 145.600 te Hanskop, gekoppel word. Die skakel sal met 'n DTMF-toon beheer kan word.




KOM ONS GESELS TEGNIES

Deur Johan, ZS1RX

BOU 'N LAE KRAG AM SENDER

In hierdie uitgawe bou ons 'n eenvoudige AM sender. Die hart van hierdie stroombaan is 'n kristal ossillator soos wat u kan verkry in ou rekenaar moederborde. Soek 'n ossilator wat op 'n amateur frekwensie is. 14.316Mhz kristal ossilators is beskikbaar.



Verwyder die kristal ossillator uit die moederbord en konnekteer soos op die meegaande skets. Die transformator is 'n klank-transformator.

Gebruik 'n klank-bron soos u amateur radio, CD-speler, rekenaar ens. Om die klank te verskaf vir die modulاسie. Stel die volume van u klankbron om distorsie te voorkom.

U kan ook die kragbron 5 volt maak en die transformator vervang met 'n morsesleutel.

Bou dit en geniet dit



BOLAND AMATEUR RADIO KLUB BIED AAN:**V V R K VAN B A R K****VERBIND-EN-VIND-RADIO-KOMPETISIE 2006**

DATUM: Naweek van 1 en 2 Desember 2006

BANDE: 80 m (3670) en 40 m (7094) asook op 2 METER (650- en 700-herhalers)

TYD: Vrydag 1 Desember 2006 18:00 tot 21:00
Saterdag 2 Desember 2006 06:00 tot 10:00

Reëls:

1. Alle Boland Amateur Radio Klublede mag deelneem.
2. Daar is geen inskrywingsgeld nie.
3. Daar sal streng by bogenoemde tye en frekwensies gehou word.
4. Die totale tydperk word soos volg ingedeel:
 - Vrydag (18:00 - 21:00): 3 tydperke van 1 uur elk.
 - Saterdag (06:00 - 10:00): 3 tydperke van 1 uur elk.
5. Tydens hierdie totale 6 tydperke sal daar by een radiostasie in die Paarl area 'n radio en bediener op elkeen van bogenoemde frekwensies beskikbaar wees.
6. Elkeen van hierdie bedieners sal die roepsein ZS1BAK **en 'n AGTERVOEGSEL** gebruik.
7. **AGTERVOEGSEL:**
 - Hierdie AGTERVOEGSEL, 'n woord, verander streng elke uur - op die uur op al 4 frekwensies.
 - Vorige tydperke se AGTERVOEGSELS sal nie herhaal word nie.
 - Aan die einde van die kompetisie het elke deelnemer dus 6 woorde/kriptiese leidrade wat hom/haar lei tot 'n spesifieke bekende landmerk binne die Wes-Kaap

HET HOM!!! Indien jy die landmerk geïdentifiseer het, skakel TUSSEN 10:00 en 10:30 een van die volgende selnommers

083 5731700 of 076 6847205

Gee **DUIDELIK en STADIG** jou ROEPSEIN en LANDMERK byvoorbeeld:
"Hierdie is ZS1ABC Voortrekkermonument."

8. **WIE WEN?** Die BARK-lid wat die naaste aan die ideaal (ingerapporteer tydens elkeen van die 6 tydperke op 80- , 40- en **EEN** van die 2-meter bande) en die **korrekte landmerk** met sy of haar foon deurgestuur het. Indien meer lede hierdie ideaal bereik, sal daar 'n trekking plaasvind. Indien toestande op 'n sekere band u nie toelaat om in te rapporteer nie - skakel in elk geval en gee landmerk deur. Die toestand kon alle deelnemers beïnvloed het.

9. Sertifikate sal aan lede oorhandig word wat 'n sekere vlak van deelname getoon het.

Die gelukkige wenner ontvang 'n splinternuwe

2 - METER RADIO en die naaswenner 'n baie aantreklike 2de prys.

TREKKING - VLEISBRAAI – KATTEBAK VERKOPING - VADER KERSFEES

SATERDAG, 2 DESEMBER 11:00 tot 17:00 op SLOT, plaas van ZS1OLI. Onmiddellik nadat jy jou LANDMERK met jou foon deurgestuur het (tussen 10:00 en 10:30) klim jy en jou gesin in jul motor en ry na die plaas SLOT waar 'n klomp BARK-vriende vir julle wag. WIE WEET - DALK WEN JY DIE PRYS TYDENS DIE TREKKING.

Moet net nie julle eetgoed, drinkgoed, stoele en alle toerusting wat jy graag in 'n ander amateur se hok wil sien, vergeet nie. Plaas net betyds 'n plakker met jou roepsein en die prys op elke item asseblief.

KERSVADER het reeds laat weet dat hy ook 'n draai gaan maak - soek glo 'n TS 2000 by die katterbak verkoping.

..wil die kleintjies se oë sien blink. "Ma, sy sak sal binne die plaasskuur wees."

Wees asseblief deel van hierdie naweek!

Groete

Bennie, ZR1JHD en Olivier, ZS1OLI



BARK VERGADERING VAN SATERDAG, 2 DESEMBER 2006


Deur Johan, ZS1RX

Ons volgende BARK vergadering vind plaas op Saterdag, 2 Desember 2006, op die plaas van Olivier, ZS1OLI te Agter-Paarl. Die van u wat al daar was weet hoe lekker dit daar is en die van u wat nog nie daar was nie, mis sowaar uit.

BARK
Vergadering...



As u van Kaapstad se rigting noord ry op die N1, neem u die Klapmuts/Wellington afdraai. Dit is die R44. Die R44 raak later 'n dubbelbaan. **Hou aan tot by die Noord Agter-Paarl Koelkamer.** Draai daar links. Maak seker dat u tot by die koelkamers ry voordat u van die R44 afdraai. So 'n kilometer verder sal u die afdraai links na die plaas vind. Die plaas se naam is "Die Slot van die Paarl". U sal sommer gou die antennes sien. Volg die pad tot by die antennes.



Daar sal bystand wees op die 145.650 herhaler en 145.500 simpleks vir die van u wat onseker is van die roete.

Ek sien uit daarna om u *en* die LV *en* die kinders daar te sien.

Kersvader gaan ook daar wees. **Bring geskenke saam sodat Kersvader dit kan uitdeel.**



CQ HOU KOERS 2006

Deur Johan, ZS1RX

Die Jaarliks CQ Hou koers het Saterdag 21 Oktober plaasgevind. Gedurende CQ Hou Koers kan lede van die Voortrekkerbeweging op Amateur Radios gesels. Hier in die Weskaap was twee stasies aktief. Die stasie op Kleinmond was bedryf deur Arthur, ZS1AIJ en die uwe het 'n stasie by Wemmershoek opgesit. Die toestande was gunstig en ons het heelwat kontakte gemaak. Een dogter was baie opgewonde toe sy met haar oupa in Pietermaritzburg kon gesels.

Die voortekkers op Wemmershoek het ook die geleentheid gehad om morsekode met 'n morsekode-sleutel te stuur en om met 'n Heliograaf te

kommunikeer. Sommige van die kinders was baie gemaklik voor die mikrofoon en het lekker met ander kommando's gesels.

Die hoofleier se boodskap is vanaf Bloemfontein uitgesaai en die gunstige voortplantingstoestand van die dag het veroorsaak dat die hoofleier se boodskap baie goed ontvang was. BARK se lede is elke jaar betrokke by CQ Hou Koers



Johan, ZS1RX saam met Voortrekkers wat belangstellend toekyk voor die HF Radio

Baie geluk aan die kandidate wat die Oktober RAE geslaag het. Kom ons hoop baie van hulle sluit by BARK aan. Baie geluk aan Karl, ZS1KC en Clyde, ZS1CS met die sukses van hul kandidate



WAT PRESIES IS ALC, EN WAT MAAK MENS DAARMEE?

Ean Retief, ZS1PR – Gamba, Gaboen



ALC is.....

Baie van ons is bewus van ALC en weet dat wanneer die stel goed moduleer dan moet die ALC "lekker skop" (so in die groen deel van die paneel-meter) en hopelik loop alles dan mooi en is die hele wêreld reg. Kom ons kyk egter 'n klein bietjie meer in diepte daarna sonder om te tegnies te raak.

ALC staan vir "Automatic Level Control" en word hoofsaaklik op Enkel-Syband senders gebruik.

Met modusse soos FM, Gelykgolf en Teledrukker word die sender gewoonlik "vol oop" bedryf, met ander woorde die kraguitset is maksimum.

Enkel-Syband is egter 'n vorm van Amplitude modulasie en die sender loop nie heeltyd vol krag nie. Om die waarheid te sê, meeste van die tyd loop die sender maar baie min van sy maksimum vermoë.

Operateurs se stemme verskil baie, party praat sag, ander weer hard en party bulder so hard dat die sender oorlaai word.



Nou die ideal is om die sender so na aan 100% te dryf sonder om die finale stadium te oordryf.

Dit is waar ALC in die prentjie kom. 'n Spanning word van die finale stadium afgetap en terug gevoer na vroeër stadiums van die sender toe. As die finale se stroom na maksimum neig, dan sny hierdie “negatiewe terugvoering” die vorige stadiums se wins bietjie terug en word die finales nie te hard gedryf nie.

'n Belangrike punt om op te let: So 'n “terugsny” van wins word “negatiewe terugvoering” genoem, maar die werklike spanning wat ontwikkel word om dit mee te doen kan 'n negatiewe of positiewe spanning-polariteit gemeet teenoor die stel se aarde wees. Meeste stele se ALC spanning is egter negatief tov van die stel se aarde (bakwerk).

Ons kry nou drie groot voordele met ALC:

- Die stel se vermoë word nie oorskry nie, selfs as ons vir daardie rare DX skree nie.
- Soos ons nader aan maksimum kraguitset beweeg, hoe meer sal die ALC die uitset “terugsny” en liniariteit van die sein word gehandhaaf soos spesifiek vereis word in die Radio-regulasies.
- Die aksie van die ALC veroorsaak dat die sagter dele van ons spraak 'n relatiewe hoër uitset gee terwyl die pieke op maksimum uitset gehou word. Dit veroorsaak dat hoewel die Piek-omhullings-vermoë (“PEP”) dieselfde bly, die gemiddelde waarde styg. Dit is dus 'n vorm van spraak-proseseering.

As u in die Heathkit stele se handleiding kyk mag u raakloop dat hulle na TALC verwys. Dit staan vir “Triple ALC” en verwys daarna dat op baie Heathkits die ALC na drie vroeër stadiums terug gevoer is vir baie dinamiese beheer. Dit het die Heathkits baie mooi audio gegee.

ALC met 'n Linieêre versterker

Wanneer 'n eksterne versterker gebruik word, dan is daar gewoonlik voorsiening gemaak om die ALC-spanning na die sender terug te voer, sodat die versterker nie “oordryf” word nie.

Gewoonlik as die versterker en die sender of sender-ontvanger van dieselfde vervaardiger kom en min of meer dieselfde ouderdom is, dan kan mens maar net die ALC-lyn opkoppel en aangaan. As dit egter nie “pasmaat” toerusting is nie, dan sal dit betaal om die betrokke handleiding versigtig te bestudeer en seker te maak dat die twee stukke toerusting versoenbaar is wat ALC betref.



Terloops, hoewel die ALC ‘n gelykspanning is, gebruik maar ‘n afgeskermdde kabel (ko-aksiaal), want as daar RF terugvoering op die ALC-lyn inkom kan dit allerhande probleme veroorsaak.

Vals of fop-ALC

Die ALC inset op ons senders of sender-ontvangers gee ons ‘n ideale metode om kraguitset te beheer om aan die plaaslike regulasies te voldoen of as mens om een of ander rede laer krag wil loop, bv in ‘n hoë-digtheid behuising area of waneer jy in ‘n woonwa-park is.

Ek self is ‘n groot voorstander daarvan om ‘n sender of versterker onder sy maksimum vemoë te dryf want dan word die uitset werklik “skoon”.

Die problem is egter nou dat as mens die mikrofoon-wins terug draai dan word mens se stem “dun” en veral by die ouer ooms raak dit ‘n problem. Hulle klink dan sommer baie ouer as wat hulle is, en wie van ons wil nou ouer klink as wat ons is?

Die geheim is dus om die sender “vol” te moduleer maar die krag in die finale te sny. Dit doen mens deur die mikrofoon-wins normal te hou (selfs met prosesseering) maar die sender “vals” ALC te voer sodat die kraguitset “terugsak”.



Haal die kabel tussen die Linieëre versterker en die sender of sender-ontvanger af en voer die sender met ‘n gelykstroomspanning in plek van die ALC. Ek het gevind met meeste buis-senders kan mens die kraguitset baie laag kry deur so 25 tot 40 Volt spanning te gee.

Met moderne 100 Watt transistor sender-ontvangers het mens baie min spanning nodig. Koppel ‘n 9 Volt battery (bv ‘n PM3) deur ‘n 100 kilo-Ohm verstelbare weerstand. Hoe meer negatiewe spanning vanaf die battery op die ALC inset, hoe minder uitset.

Mens kan meeste van die moderne stelle “terugsny” tot vyf Watt uitset sonder om modulاسie in te boet.

Selfs al gebruik u nie 'n eksterne versterker (Linieêr) nie, kan u bv. eerlik Enkelsyband-QRP werk met volle modulاسie. Speel 'n bietjie hiermee en kyk wat u met een Watt kan regkry!

ZU operateurs het die probleem dat hulle nie graag 'n lae-krag sender wil koop nie want hulle beplan om op te gradeer, of hulle koop 'n tweedehandse stel wat meesal 100 Watt uitset het.



Met net die 9 Volt batterytjie en 'n weerstand kan hulle dan die uitset "afdraai" tot 20 Watt en nie modulاسie inboet nie. Hulle is dan wettig en as die ZR roepsein die dag kom dan prop hulle net die battery uit en siedaar, weer 'n hele 100 Watt!

Die battery gee basies 'n voorspanning en baie min stroom word getrek, so die battery sal 'n baie lang lewe hê.

Olivier, ZS1OLI berig dat die laaste offisiële BARK bulletin vir 2006 sal op 17 Desember gelewer word en sal weer teen 21 Januarie 2007 hervat word.

BARK VERGADERING VAN SATERDAG, 16 SEPTEMBER 2006

Deur Johan, ZS1RX

Die vergadering was weereens baie lekker. Rassie, ZS1YT het 'n lokaal by die Laerskool Lochnerhof gereel. Die reën wat van tyd tot tyd geval het, het nie die geesdrif gedemp nie. Henry, ZS1AAZ het gesorg dat daar baie goedere vir die vlooiemark was.

Rene, ZS1RV het 'n digitale kamera geskenk om uitgeloot te word vir die in van fondse. Baie geluk aan Kobus, ZS1KVR met sy pragtige digitale kamera.

Die vergaderings is altyd 'n aangename geleentheid. Kom ons kyk hoeveel van ons 104 lede en hul gesinne die volgende vergadering kan bywoon.

Die volgende 29 persone het die vergadering bygewoon:

AMBROSE, TOM ZS1TA
AUCAMP, JOHAN ZS1GP
BYLEVELD, FRANS ZS1RF
CANITZ, KARL ZS1KC
COETZEE, RAOUL ZS1REC

DE VILLIERS, FRANCOIS ZR1ACF
EKSTEEN, FRED ZR1KAT
ERASMUS, RASSIE ZS1YT
HAARHOF, BENNIE ZR1JHD
HAARHOF, JOE ZS1AAB



Frans Bylefeld, ZS1RF
by die vergadering

HAARHOFF, RINA
 HYMAN, CLYDE ZS1CS
 JENDRISSEK, PETER ZS1JX
 KEANLY, PETER ZS1W
 KORKIE, LEON ZS1MM
 LE ROUX, ALMA
 LE ROUX, CHARLES ZS1CF
 LE ROUX, JOHAN ZS1RX
 LOUW, LOUWTJIE ZS1MV
 LOUW, MARTHA

McEWEN, TONY ZR1T
 SADIE, BENNA ZS1PBS
 VAN DER VYVER, JAN ZS1VDV
 VAN RHYN, WILLIE ZS1RV
 VAN ROOYEN, ANSIE ZS1AVR
 VAN ROOYEN, KOBUS ZS1KVR
 VAN STADEN, OLIVIER ZS10LI
 VAN WYK, KOOS ZS1KWW
 VAN ZYL, RENE ZS1VR



GEKOOKTE KRAAI

Deur BOB, ZS1BOB

Ek eet altyd lekker tydens veldstasies en dit kom vir my voor of die manne



graag van die geleentheid gebruik maak om met hulle kookvernuf te spog. Hier is 'n lekker, maklike, tipiese veldstasie resep.

Bestandele:

een vars, dooie kraai
 groot pot met digte deksel
 antieke strykyster, die oopslaan tipe
 wat met kole werk - *waarskynlik het
 ouma een op die solder*
 een ui
 drie knoffelhuisies
 drie eetlepels Worcestersous
 knippie swart peper
 twee-en-half liter goedkoop Merlot

Metode:

Dompel die kraai in vinnige kokende water vir 15 sekondes,

Pluk al die vere uit

Kap die kop en voete af

Verwyder die derms versigtig en spoel buikholte uit met koue water

Plaas ui en knoffelhuisies tesame met Worcestersous en swartpeper in die buikholte

Plaas die kraai in die strykyster

Plaas strykyster in die pot en bedek met koue water

Plaas pot op ligte vuur

Drink al die rooiwijn

Wanneer die strykyster gaar is, gooi die kraai weg en gaan dorp toe – watter regdenkende mens eet nou kraai?



Boland Amateurradio klub
Posbus 2105
Dennesig
Stellenbosch
7601